STELENA NUUSBRIEF

Die jaar is besig om vinnig te vorder en die winter is voor die deur. Alhoewel toestande nie oral so gunstig is nie, is daar mos altyd nog baie om voor dankbaar te wees.

Soos wat die seisoene aanbeweeg is daar gelukkig ook gedurige vernuwing en was dit ook weer so met ons Stelena kudde. Die geboorte van elke lam bly maar 'n wonder en ons dank ons Skepper vir die vreugde wat dit vir ons bring.

Ons herinner u graag aan ons **6de Produksieveiling** wat aangebied word op **21 Mei 2013** op **Nooitgedacht, Oranjeville.**

Ons bied vanjaar weer 50 geregistreerde ramme aan, waaronder halfbroers van LT 11057 op foto's hieronder.

LT 11057

Hierdie besondere ram het 'n trotse houding met goeie diepte en bespiering. Daarby is sy beweging en balans baie goed en beskik hy oor goeie teelwaardes. Hy is vanjaar se VS Res Senior Kampioen Ram. Ons bied ook 35 geregistreerde ooie aan, waarvan sommige dragtig sal wees van LT11057.

Daar sal ook 120 jong kommersieêle ooie op die veiling wees, dragtig geskandeer van goeie ramme. Ons nooi u graag uit om ons veiling by te woon; goeie teelmateriaal te bekom; en lekker saam met ons te kuier.

Manie Lombard

Nooitgedacht
PO Box 123
Oranjeville
1995

083 232 4324
manie@stelena.co.za
www.stelena.co.za